

## Romeine 13:8-14

1ste Advent 29 Nov. 2015

*Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemensel liefhet, voer die hele wet van God uit. Al die gebooe: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet.*

*En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. Ons moet welvoeglike lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.*

Liewe gemeente,

'n 6 jarige seuntjie vra sy pa: Pa, wat is 'n verlowing? - want hy gehoor, sy vriend se oudste suster het verloof geraak. Pa dink bietjie na en antwoord: dis soos wanneer jy 'n fiets op kersfees persent kry, maar jy mag eers volgende paasfees met hom ry. Toe wonder die seuntjie: 'n fiets vir kersfees en jy mag eers Paasfees met hom ry ... maar intussen mag jy mos reeds die klokke lui, nie waar nie? 😊

Ek hou van hierdie staaltjie want dit so bietjie die onskuldige houding van 'n kind uit: hoe kan hy dan 'n fiets op kersfees kry maar hy mag nog nie daarmee ry nie? En tog kan hy hom reeds van harte daarvoor verbly, ja selfs 'n bietjie met hom speel. Die definisie van die pa oor wat 'n verlowingstydperk is, is ook nog al van pas, is dit nie? Jy behoort reeds aan jou beminde maar nog moet jy terughou, nog is dit voorbereidingstyd, nog 'n bietjie wag, nog het die troudag nie aangebreek nie. Daar is reeds opgewondenheid, daar's reeds die gekillie in die hart en vlinders in die maag. Hoe pronk die jong dame nie reeds met haar verlowingsring voor vriende en vriendinne? En die ring sê vir alle ander mans: vingers weg van hierdie meisie - sy's reeds vir iemand bestem. En die aspirant bruidegom is opgewonde: hoe sal hy sy toekomstige bruid kan verras? Waar sal hulle op wittebrood kan gaan? Hy kan skars sy werk oordentlik doen want sy gedagtes gaan na die groot troudag wat aan die kom is. Dis 'n opgeruime, vrolike, prikkelende tydperk, nie waar nie?

Vandag se paartjies het dit dikwels maklik. Die jong man en dame is dikwels bymekaar; hulle praat baie en soms is daar ook bietjie spanninge want die een wil dit en die ander dat hê en soms weet ons mos dat die onderskeie skoonfamilie ook diwels hulle kruie in die slaai wil meng. Hoe was dit tog anders by my ouers en skoonouers. Al twee - my ouers en van lieue vrou se ouers - was in hul jong dae in die 1950s as studente in Duitsland gekys. Dan het dit gebeur dat die jong mans besluit het om uit Duitsland na SA te immigrer. My pa is as sendeling uitgestuur en van my skoonpa het as geleerde tuinier 'n werk in SA gaan soek. Die afskeid was swaar en vir 'n jaar, by skoonouers selfs twee jaar lank, het hulle mekaar nie gesien nie; slegs met briewe het hulle kontak gehou. Maar hoe groot was die afwagting

dat hulle uiteindelik, uiteindelik bymekaar sou uitkom, dat die bruid met die skip die groot reis sal aandurf en ook na SA sal kom. Ek haal my hoed af vir die getroue liefde wat altwee vir mekaar bewys het deur op die lang afstand trou aan mekaar belowe het. As jy weet, die bruid kom (!), dan kan die wagtydperk oorwin word, dan is dit ook makliker om getrou te bly, om nie met ander dames se versoekkinge rond te speel nie. En in Duitsland kon die verloofde bruid met gespanne afwagting daarna uitsien dat in SA daar 'n nuwe toekoms wag. Die jong vrou sou nie sommer 'n blinde toekoms invaar nie maar daar "anderkant" wag iemand wat haar bemin en met ope arms sal verwelkom. Sy weet, die verloofde daar ver weg in SA sal nie sommer met ander vrouens lol nie; daarom sal sy ook nie met ander mans se verleidelike blikke 'n vinnige romanse soek nie. Baie dankie, liewe ouers en skoonouers vir 'n bewonderswaardige voorbeeld.

Ons vier Advent - die Here kom (in Engels "to advance"). Dikwels vergelyk die Bybel ons Christene se wagtydperk met dié van 'n verlowingstydperk. Ons sien met blydschap uit dat ons verloofde sal kom. Die kerk is die bruid van Christus wat in alle opwinding voorbereiding tref. En Christus sien daarna uit op die dag dat Hy vir jou en my sigbaar en ervaarbaar sal omhels.

Die vergelyking pas nie heeltemal nie want wat die huwelik tussen Christene en die Here betref, mag ons ook sê: Eintlik het die Here klaar met ons getrou. Hy het nie amtelike dokumente nodig nie, maar sy Woord en sy belofte in die doop staan reeds vir tyd en ewigheid. Op die dag dat jy gedoop is - dit was die dag dat die Drie-enige God aan jou sy ewige trou belowe het. En op die dag dat jy in die geloof bevestig is, het jy mos reeds trou aan Hom belowe, nie waar nie? Dit is nie meer 'n saak of ons moontlik mag kwalifiseer of nie; nee, ons is reeds op ons naam geroep. Ons behoort reeds aan God! Maar ons het Hom, ons bruidegom, nog nie sigbaar gesien nie. Hy het reeds vir ons, sy kerk en bruid, die trourok gestuur. Hy het reeds die onthaal gereed. Hy het reeds die luukse motor gestuur om ons te kom haal.

Presies wanneer hierdie taksie aankom om vir jou en my op te tel, weet ons ongelukkig nie, maar die oproep van die Bybel is duidelik: wees gereed! Hy kom! Maak jou hart gereed, bly in verbinding met jou hemelse bruidegom deur daagliks sy briewe te lees. Gaan lees wat die bruidegom vir jou skryf deur in die Bybel te lees. Daar sê Hy vir jou oorgenoeg hoe die hemelse feesmaal reeds voorberei word en hoe ek en jy reg kan wees vir sy koms.

Voordat ek voortgaan met die voorbereidingstydperk moet ek myself kortliks onderbreek en nog iets net duideliks tel.

Daar is **drie tydsones** waarop die Apostel Paulus ons aandag wil vestig wat daagliks inge oefen moet word om op koers te bly. Dit is drie tydsones wat op die hele wêreldgeskiedenis van toepassing is maar net so op die enkele individuele persoon. En dit is eenvoudig: **die verlede, die hede en die toekoms**. 'n Christen sal dus altyd terugkyk na wat gebeur het; 'n Christen sal altyd voorentoe tyk na die toekoms - en die twee perspektiewe sal ons help om die hede reg te kan hanteer.

1. As ons na die wêreldgeskiedenis in sy geheel kyk, sien ons **hoe God in die verlede ingegryp het**. God self het 2000 jaar gelede in mensgestalte van Jesus Christus *mens* geword en aan hierdie leefwêreld deelgeneem. Só ingrypend was die gebeure dat ons tot vandag toe die gebeure met die jaar nul (0) kenmerk. Dit was die begin van 'n nuwe era. Ons vier dit

op Kersfees. Asseblief moenie jouself laat verlei dat die jaargetal of die 25ste Des nie die presiese, wetenskaplike dag en datum mag wees of nie - dit maak nie saak nie. Ons vier die *gebeure*, die feit dat God hierdie wêreld besoek het. In Jesus Christus het God die lot van die wêreld op Homself geneem, dit deurleef en Homself geheel en al met die mensdom geïdentifiseer. In Jesus het Hy ook die straf vir alle sondes, die dood en die verdoemenis (wat vir 'n afvallige, sondige skepping beskore was) op Homself tot aan die kruis geneem. Die Seun van die mens sterf namens ons, sodat ons nou van God se oordeel vrygespreek kan word. En deur sy opstanding uit die dood is daar nou 'n nuwe tydperk ingelui wat in die ewigheid uitmond. Dit is die perspektief na die verlede wat elke Christen daaglik oordink.

2. En wat **die toekoms** betref, sal elke Christen daaglik met blymoedige sekerheid daarna uitsien dat alhoewel ons nog in 'n "ou", gebroke wêreld leef, God sy nuwe Koninkryk sigbaar en ervaarbaar sal oprig. Soos Johannes in sy boek Openbaring sien ook ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar volkome vrede en harmonie sal wees, waar elke traan afgedroog en elke siel getroos sal word, waar die dood en duivel nie meer sal wees nie, waar hemelse vreugde en heerlikheid sal wees. Liewe Christen, weet en vertrou daarop dat die hemelse bruilofssaal vir jou en my reeds berei, en jy en ek wat in Christus ingedoop is, sal daaraan deelneem waar die engele reeds die lied van die Lam sing van ewigheid tot ewigheid.

Teen die einde van Paulus se brief aan die Romeinde gaan in op die toekomsgebeure: **die Here kom weer:** ... *die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. Die nag is byna verby; dit is amper dag.* En daarom is die teenswoordige tyd gevul met die Gees van God wat reeds gekom het, en met die blye afwagting dat die finale verlossing uit hierdie aarde binnekort sal aanbreek.

3. Die verlede en die toekoms, die verlossing in Christus en sy wederkoms - dit bepaal ons **teenwoordige tyd**. Want immers leef ons nog nie in die hemel nie. Ons word hier-en-nou uitgedaag om ons doen en late ooreenkomstig aan te pas. Ons leef ook nie gister asof alles reeds klaar afgehandel is nie. Nee, ons staan hier-en-nou voor uitdagings ...

En nou kom ek terug na die verlowingstydperk van Christene.

EK het reeds daarop gewys dat die vergelyking nie heeltemal van pas is nie, want my 'n verlowing tussen 'n man en vrou, is dit nog 'n tyd van nie heeltemal getroud wees nie. Jy mag reeds aan die klokke lui maar jy mag nog nie met die fiets ry nie.

Dit laat my dink aan 'n staaltjie hoe op skool een meisietjie dolverlief was op die hoofseun. En sy stuur vir hom 'n foto van haar; agter op die foto skryf sy: "ek is baie verlief op jou en ek sal vir jou ewige liefde sweer dat ek altyd vir jou daar wil wees." En sy teken die foto. Onder aan voeg sy by: "Ps. Belowe my, as ons opbreek, wil ek hierdie foto weer terug hê." Sien, so sien baie opervlakkige Christene die verhouding met Christus. Ek sal 'n Christen wees solank as wat dit goed gaan, solank as wat ek lekker voel, solank ek lofliedere kan sing, solank ek opwinding in die hart bespeur, maar as dit sleg gaan, as mense in die kerk my begin iriteer, as ek aan God se liefde begin twyfel, as ek nie meer lus voel nie, dan trek ek al my belofdes terug, dan gaan ek nie meer kerk toe nie, dan hou ek op om Bybel te lees, dan doen ek my eie ding.

Nee, liewe vriende, God het volkome trou aan jou gesweer. Alhoewel ek en jy soms ontrou is, en ten spyte dat ons inderdaad dikwels droog maak, sondig en vir God vergeet, sal Hy ons nooit in die steek laat nie. Des te meer die oproep:

*Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. Ons moet welvoeglike lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. Nee, julle moet lewe soos volgelingen van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.*

En nou behoort ons 'n uur lank stiltetyd te hou, sodat elkeen by hom- of haarself kan nadink: wat beteken dit vir my? En dit is 'n opwindende, dinamies oefening. Niks daarvan dat Christendom vervelig is nie. Nee, dit is 'n intellektuele en eksistensiële avontuurreisog waarmee ons nooit klaar sal wees nie. Dit is ook 'n saak vir die hele gemeenskap van gelowiges; immers stap ons nie alleen hemelwaards nie; ons is ingebed in die meer van gelowiges van alle tye.

En in hierdie opsig is dit nie maklik om klinkklare voorskrifte te gee nie. Ek glo dat Paulus ons slegs enkele voorbeelde gee met die doel om ons aan te moedig om verder te dink: Hoe sal ek my verhoudinge gestalte gee? Watter ingesteldheid het ek teenoor my werk? Ek leef hier-en-nou, dis waar, maar die tyd gaan aan. Ek moet aanhoudend aanpas, verander, beoordeel, myself oriënteer.

**Christene berei hulle voor deur daaglikse berou en bekering.** Daaglik oefen ons onself aanhand van die tien gebooue of ons reg gelewe het, maar daaglik soek ons verblyding en vrede in Christus se vergifnis en verlossing. En omdat die Here reeds vir ons sy vergifnis gegee het, daarom wil ons nou ook versoenend lewe, nie waar nie? Omdat die Here reeds vir ons lief is, daarom wil ons onself ook in die liefde oefen. En die oefening is nie maar net 'n lastige saak wat 'n mens nog so terloops kan afhandel nie. Nee, in die oefening lê reeds die oorwinning opgesluit.

Sal ons dan nou sloer en die bruidsklere nie aantrek nie? Sal ons nog steeds maak asof die bruidegom nie op pad is nie? Nee, ons sal mos die nuwe wit klere aantrek. Ons sal ons stinkende, ou verslete werksklere uittrek en onself was en gereed kry. En weereens - Christene berei hulle voor deur daaglikse berou en bekering, deur die Woord van die bruidegom te bestudeer en onself vir die groot dag voor te berei, deur goeie werke te doen omdat die Here reeds trou aan my belowe het. Ek lewe uit God, en daarom wil ek ook hier-en-nou voluit lewe!

Midde in swaarkry - lig jou hoof op, want jy weet mos, hoe dieper jy in die nag ingaan, des te nader is die dagbreek. Ja, kan ons al 'n titteltjie lig op die horison waarneem? Inderdaad lig is aan die kom. Wanneer sal die daglig skyn?

*“Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig.”* (Vers vir die week uit Sacharia 9:9) So heet ons die Here welkom, so groet ons mekaar en so wil ook ons Here self ons na Hom toe trek: **Kom Sion** (Sion is 'n ander naam vir Jerusalem; Jerusalem is die bruid, die bruid is die kerk wat na haar bruidegom toe gelei word), **kom en wees verheug. Advent! Die Here kom! Amen. En mag die vrede van God wat meer is as wat ons dink of begryp, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.**